# DEEL III.

---

## HOOFSTUK XVII.

## WOORDVORMING.

'n Woord is 'n verbinding van klanke waaraan 'n bepaalde betekenis geheg word. As ons die woorde in ons taal met mekaar vergelyk, sal ons al gou-gou opmerk dat baie van hulle baie na mekaar lyk en dat hulle dus op die een of die ander manier met mekaar verwant is, d.i. dat hulle tot dieselfde famielie behoort. Wil ons dié vergelyking voortsit met die woorde in ander tale, sal dit ook al dadelik blyk dat Afrikaans verwant is met 'n hele party Europese tale (kyk die laaste hoofstuk in die boek). Soms lyk die woorde taamlik eners, dan weer gaan dit moeilik om die verwantskap te sien, tensy 'n mens die ander tale goed ken en ook die veranderinge wat al die tale volgens bepaalde klankwette ondergaan het, behoorlik kan naspoor. So is dit b.v. maklik om te sien dat woorde soos **en** (ouer Nedl. ende), **and** (Engels) en **und** (Duits) waarskynlik dieselfde oorsprong gehad het, maar is dit vir die oningewyde onmoontlik om te sien dat in Afrikaans **vyf** dieselfde woord is as **quinque** in Latyn. Die taalgeleerdes het deur so 'n vergelyking daartoe gekom om te bewys dat al die sogenaamde Indo-Germaanse tale oorspronklik uit een en dieselfde taal moes ontstaan het. In die loop van die eeue het daar egter in elkeen van die tale groot veranderinge plaasgevind, en is dit dus nodig om rekening te hou met al die stukkies wat aangevoeg is of verlore geraak het,

aleer 'n mens tot die oudste vorm van die woord kan kom. Neem ons b.v. 'n woord soos ,,onverstaanbaarheid,'' sal ons dit maklik kan ontleed as bestaande uit on + ver + sta + an + baar + heid, waarvan die eerste twee klaarblyklik voorvoegsels, en die laaste drie agtervoegsels is. Ons word dus gelaat met ,,sta,'' wat nog in Nederlands in die eerste persoon, enkelvoud, as ,,Ik sta'' voorkom — Afrikaans: ,,Ek staan.'' Dit is duidelik dat ons die woord nie meer verder kan ontleed nie en dat ons nou ook in ander tale, tot op die oudste bekende vorm van Indo-Germaans, vir die oorspronklike moet gaan soek. Dit sal ons dan bring tot 'n vorm **stha**. Hierdie vorm is dan die **wortelwoord** waarvan al die ander verwante woorde gevorm is. 'n **Wortel** is dus dié deel van 'n woord wat oorbly na alle uitgange, voorvoegsels, agtervoegsels, ens., weggeneem is. So 'n wortel is egter maar 'n abstraksie en bestaan nie in die werklikheid nie. So b.v. in die woorde: **beteken**, **tekenagtig**, **onbetekenend**, **tekening**, **tekenaar**, ens., bestaan daar geen wortel **teek** nie, tensy as 'n abstraksie. Vorme soos **sta** en **teken**, waaraan of waarvoor die affikse in ons taal gevoeg word, noem ons die **woordstam**.

Die taal is altyd besig om nuwe woorde te maak. Vir elke nuwe begrip moet daar 'n nuwe woord gevind word om die begrip aan te dui.

Die taal gaan nie na wortels om in dié behoefte voorsiening te maak nie; dit maak gebruik van die bestaande woorde om nuwes te vorm. Dit geskied op twee maniere:

(1) Deur twee of meer woorde aanmekaar te las om 'n nuwe woord te vorm, wat vir 'n nuwe begrip staan. So word b.v. die twee begrippe ,,lamp'' en ,,glas'' verenig tot ,,lampglas,'' en word die woord ,,lampglas'' gevorm om die nuwe begrip aan te dui. Hierdie soort van woordvorming word genoem **samestelling**.

(2) Deur middel van voor- en agtervoegsels. So is b.v. die woord ,,belasbaar '' ontstaan uit die grondwoord ,,las '' met 'n voorvoegsel ,,be- '' en 'n agtervoegsel ,,-baar,'' en kry ons 'n woord om die hoedanigheid aan te dui van iemand ,,op wie 'n las kan gelê word.'' Uit die grondwoord ,,bind '' kry ons woorde soos ,,bond '' en ,,band,'' wat gevorm word deur middel van 'n verandering in die stamklinker. Albei prosesse word genoem **afleiding**. Soms word die twee prosesse met mekaar verbind in een en dieselfde woord. Die woorde ,,kennis '' en ,,gee '' word nie as samestelling geskryf nie, maar as die agtervoegsel ,,-ing '' aangelas word, kry ons die samestelling ,,kennisgewing.'' So 'n proses noem ons **samestelling deur afleiding**.

## I. SAMESTELLING.

### 1. Die selfstandige naamwoord.

Samegestelde selfstandige naamwoorde kan gevorm word op die volgende maniere:

(a) snw. + snw. — veeplaas, kerkstraat.

(b) ww. + snw. — eetkamer, leerskool.

(c) bnw. + snw. — rooinek, wildeman.

(d) telwoord + snw. — drievoet, tweeklank.

(e) byw. + snw. — uithoek, vooros.

Hieruit blyk dat die twede deel van die samestelling meestal 'n selfstandige naamwoord is. Woorde soos ,,tydverdryf,'' waarvan die twede gedeelte 'n werkwoord is, kom weinig voor.

In die voorbeelde wat hierbo gegee is, word die twee woorde eenvoudig aanmekaar geskryf. Dikwels egter word daar verbindingsletters gebruik om die samestelling te vorm, b.v., **kalwerhok, manspersoon, harteleed, boereplaas, hoëskool**. Hierdie letters staan (a) vir 'n

genietiefsuitgang, b.v., **landstaal**, (b) vir 'n meervoudsuitgang, b.v., **mensekennis**, (c) in 'n verboë vorm van 'n byvoeglike naamwoord, b.v., **hoëskool** (**hoë** uit **hoog**), (d) soms alleen terwille van die welluidendheid of na analogie van ander woorde wat so verbind word, b.v., **leidsman**, **dwingeland**.

Wat die sintaktiese verhouding tussen die verskillende gedeeltes van 'n samegestelde woord betref, dié is van so verlerlei aard dat dit feitlik onmoontlik is om alles hier in besonderhede te behandel. Buitendien is dit onnodig, aangesien dit uit die betekenis van elke woord duidelik genoeg sal wees. Ons volstaan dus met 'n paar voorbeelde: **rugpyn** = pyn in die rug; **boekrak** = 'n rak vir boeke; **armstoel** = 'n stoel wat rusplek vir jou arms het; **pakhuis** = 'n huis om goed in te pak; **vaderlandsliefde** = liefde tot die vaderland; **waaghals** = iemand wat sy hals (lewe) waag; **briewedraer** = iemand wat briewe dra, ens.

Hier volg enkele voorbeelde van **samestellende afleidinge**: hulpprediker, veewagter, haarsnyer, koffiehandelaar, taalbeweging.

**Opm.** In sommige woorde is dit moeilik om die samestelling te herken, tensy 'n mens die geskiedenis van die woord ook ken. So is ,,wêreld'' b.v. 'n samestelling van ,,weer = man'' + ,,eld (vgl. oud) = geslag,'' en ,,niemand'' bestaan uit 'n samestelling van ,,nie = nooit'' + ,,man'' + ,,d.'' Sulke woorde word nie meer as samestellinge gevoel nie, dog histories is hulle dit wel.

**N.B.** Met die meeste nadruk word hier gewaarsku teen die neiging om samegestelde woorde apart te skrywe, in plaas van aanmekaar. In die rapporte van eksaminatore word daar byna elke jaar oor gekla; tog lyk dit of daar nie veel verbetering te bespreur is nie. Die neiging is natuurlik te wyt aan Engelse invloed en moet dus as 'n anglisisme beskou word wat seker geen reg van bestaan het nie.

(Vir die gebruik van die koppelteken kyk ,,Spelling'').

2. **Die Werkwoord.**

Die samestelling van werkwoorde geskied op twee maniere: (1) As die twee dele van die samegestelde werkwoord by die vervoeging geskei word, dan is die ww. 'n **skeidbaar** samegestelde werkwoord: **gelukwens.** (2) Word die twee dele nie so geskei nie, dan het ons 'n **onskeidbaar** samegestelde werkwoord: **mishandel.**

**Skeidbare samestelling**: Skeidbaar samegestelde werkwoorde word gevorm:

(a) Deur 'n selfstandige naamwoord + 'n werkwoord: **asemhaal.**

(b) Deur 'n byvoeglike naamwoord + 'n werkwoord: **kwytskel.**

(c) Deur 'n bywoord + 'n werkwoord: **omloop.**

Soms is dit moeilik om uit te maak of ons met 'n samestelling te doen het, of nie; want die twee dele van die samegestelde werkwoord kan ook los van mekaar gebruik word met 'n ander betekenis as dié van die samestelling. Neem ,,vryspreek'' as 'n voorbeeld. In die sin: ,,Die regter sal hom **vryspreek**,'' is dit duidelik dat ons hier te doen het met 'n samestelling; maar in die sin: ,,Hy sal **vry spreek** en niks geheim hou nie,'' is dit twee aparte woorde wat ook vir twee begrippe staan. ,,Vry'' is dan 'n bywoord wat die manier van ,,spreek'' uitdruk. Hierdie moeilikheid kan altyd opgelos word deur te probeer of die selfstandige naamwoord van die samestelling 'n bepaling kan neem, en of die byvoeglike naamwoord verbuig kan word, of van 'n bywoord van graad vergesel kan word. In die volgende twee sinne kan dit wel gebeur en het ons dus in **agslaan** en **hoogag** nie met samestelling te doen nie:

(a) Hulle slaan **geen** ag op wat hy sê nie.

(b) Ek ag die prys **baie hoër** as ek wil betaal.

Die bepalende woorde moet die hele samestelling betref en nie net die eerste deel nie.

'n Skeidbaar samegestelde werkwoord word vervoeg soos **gelukwens** hieronder:

Teenw. Tyd: ek wens geluk.
Toek: Tyd: ek sal gelukwens.
Verlede Tyd: ek het gelukgewens.
Infinitief: gelukwens, om geluk te wens, geluk te wens, geluk te gewens het, ens.
Imperatief: wens geluk!
Teenw. Deelw.: gelukwensende.
Verlede Deelw.: gelukgewens.
Konjunktief: ek sou gelukwens, gelukgewens het, ens.

Onderstaande is 'n lysie van sommige skeidbaar samegestelde werkwoorde:

| | | |
|---|---|---|
| aanraai | opraap | omgooi |
| blootstaan | uitnooi | oorhaal |
| déurloop | volgiet | oppas |
| houthak | agternaloop | toestaan |
| liefhê | brandstig | uitroep |
| meedeel | gadeslaan | voorstel |
| mooipraat | kwaadpraat | uitstal |
| naloop | losmaak | rondwandel |
| omkoop | meeneem | saamkom |
| oorneem | naäap | wegvlug |

**Onskeidbare samestelling**: Die onskeidbaar samegestelde werkwoorde word op dieselfde manier as die skeidbaar samegestelde gevorm:

(a) snw. + ww. — **raadpleeg.**

(b) bnw. + ww. — **voltooi.**

(c) byw. + ww. — **onderstreep.**

(d) ww. + ww. (selde) — **ginnegaap.**

Hulle word as volg vervoeg:

**Onderstreep.**

Teenw. Tyd: ek onderstreep.
Toek. Tyd: ek sal onderstreep.
Verlede Tyd: ek het onderstreep.
Infinitief: om te onderstreep, te onderstreep het, ens.
Imperatief: onderstreep!
Teenw. Deelw.: onderstrepende
Verlede Deelw.: onderstreep.
Konjunktief: ek sou onderstreep, mag onderstreep het, ens.

'n Lysie Onskeidbaar Samegestelde Werkwoorde:-

| | | |
|---|---|---|
| agtervolg | omring | deurdríng |
| aanvaar | ondermyn | deursóek |
| agterhaal | onderneem | omskryf |
| misbruik | onderskep | omhels |
| misdoen | ondersoek | omvat |
| mishaag | ondersteun | omsingel |
| mishandel | onderteken | voorkóm |
| misken | onderwerp | voorsien |
| mislei | oordink | voorspél |
| misluk | oortree | weerlê |
| voldoen | oortref | weerspreek |
| voltooi | volbring | weerkaats |
| onderhandel | volhard | weerklink |

**Opm.** (1) Werkwoorde soos **glimlag**, **weerlig**, **dwarsboom**, is alleen skynbare samestellinge. Hulle is gevorm van die gelykluidende selfstandige naamwoorde en is dus afgeleide werkwoorde.

(2) Sommige werkwoorde kom sowel skeidbaar as onskeidbaar samegesteld voor. Dit is naamlik dié wat met die bywoorde: **deur**, **mis**, **om**, **onder**, **oor**, **voor**, en **weer** samegestel is. As die hoofaksent op die bywoord,

d.i. op die eerste deel val, dan het die bywoord sy oorspronklike, letterlike betekenis en krag behou, en is die samestelling skeidbaar. Val die aksent egter op die twede deel, d.i. op die werkwoord, dan is die samestelling onskeidbaar en word die krag van die bywoord minder gevoel as by die skeidbare samestelling. Dit is nie alleen 'n kwessie van aksent nie; daar is ook 'n bepaalde verskil in betekenis, soos sal blyk uit die volgende twee sinne met die werkwoorde ,,oorwéeg'' en ,,óorweeg.''

(i) Hy het die saak eers goed **oorwéeg** voor hy tot 'n besluit gekom het.

(ii) Die vleis het min gelyk; daarom het ek dit **óorgeweeg**.

Die volgende voorbeelde sal die onderskeid in betekenis verder ophelder:

**déurloop**: Die water is vlak; loop maar deur.
**deurlóop**: Ek het die stad deurloop (in alle rigtinge).
**óndergaan**: Hoe laat gaan die son onder?
**ondergáan**: Die vrou moet 'n operasie ondergaan.
**ónderhou**: Gooi hom in en hou hom onder!
**onderhóu**: Die seun onderhou sy sieklike vader.
**óordryf**: Die wolke dryf oor; dit gaan mooi weer wees.
**oordrýf**: Jy oordryf alles wat jy doen.
**vóorkom**: Die dief het gesteel en kom môre voor.
**voorkóm**: Dit was onmoontlik om die ongeluk te voorkom.
**vóorspel**: Die meester spel voor, en die leerlinge spel agterna.
**voorspél**: Die noordewind voorspel reën vir die Skiereiland.

(3) Die onskeidbaar samegestelde werkwoorde vorm die verlede deelwoord sonder **ge-**, soos uit party van die voorbeelde hierbo geblyk het. Hiermee moet nie die skynbare samestellinge verwar word nie. Laasgenoemde

dra die hoofaksent op die eerste lettergreep en vorm die verlede deelwoord met **ge-** op die gewone manier:

**antwoord**: Wat het jy hom geantwoord?
**dagvaar**: Die brandstigters is gedagvaar.
**glimlag**: Die meisie het net geglimlag.
**waarborg**: Die horlosie is vir 20 jaar gewaarborg.
**wanhoop**: Die medikus het aan my toestand gewanhoop.
**wantrou**: Onze Jan het Rhodes gewantrou.
**seëpraal**: Ons resjiment het geseëpraal.

**Samestellende afleiding**:

In die samestelling deur middel van afleiding staan die werkwoord (die stam van die ww.) as eerste deel en 'n selfstandige naamwoord as twede deel: **kortwiek** (= om die wieke te kort). Hulle kom heel selde voor.

3. **Die byvoeglike naamwoord.**

Byvoeglike naamwoorde word samegestel as volg:

(a) bnw. + bnw. — **ligrooi, doofstom.**
(b) bnw. + verlede deelw. — **swartgewiekte** raaf.
(c) snw. + verlede deelw. — **bosbegroeide** rante.
(d) snw. + bnw. — **pikswart, boomryk, seesiek.**
(e) ww. (stam.) + bnw. — **mymersiek, kykgraag.**
(f) byw. + bnw. — **welsalig, oorgroot.**

**Opm.** (1) Die verlede deelwoord in (b) en (c) genoem, word in sulke byvoeglike naamwoorde natuurlik in sy byvoeglike betekenis gebruik.

(2) Die verhouding tussen die twee dele van die samestelling in (d) genoem is nie altyd dieselfde nie. ,,Pikswart'' is ,,so swart as pik,'' terwyl ,,boomryk'' b.v. beteken ,,ryk aan bome.''

Samestellende afleiding by die byvoeglike naamwoord kom voor in die volgende woorde: **onderaards, veelkleurig, hardkoppig, alledaags,** e.d.m.

4. **Die Bywoord.**

Bywoorde word as volg samegestel:

(a) byw. + byw.: **kortaf, hierheen, reguit.** Dikwels met 'n koppelteken (by verdubbelinge): **gou-gou, stil-stil, kort-kort.**

(b) ww. + ww. (met koppelteken): **fluit-fluit, speel-speel, staan-staan.**

(c) voors. + snw. — **ingeval, vanaand, bykans.**

(d) voors. + bnw. — **vergoed, vereers, meteen.**

(e) ou verboë vorme — **metterwoon, langsamerhand, goedsmoeds, indertyd.**

Samestelling by die orige rededele ag ons nie van belang genoeg om hier daarop in te gaan nie. Ons kan nou dus oorgaan tot die behandeling van afgeleide woorde.

## OEFENING 26.

Vorm samegestelde selfstandige naamwoorde van die volgende woordpare: natuur en poësie; hand en hok; horlosie en ketting; opvoeding en inrigting; jongens en skool; stad en huis; dood en kleed; verstand en vermoë; siel en leed; onder en offisier; vise en kanselier; debat en vereniging; superintendent en generaal; hoof en onderwyser; assistent en magistraat; skei en regter; vrou en persoon; vrou en trou; verbuiging en uitgang; plat en land; hoog en veld; Boesmans en stories; see en eend; matrikulasie en eksamen; vee en arts; twee en derdes.

## OEFENING 27.

(a) Gebruik die volgende werkwoorde (1) in skeidbare, en (2) in onskeidbare samestelling: deursny, deursoek, deurtrek, deurwandel, deurdring, ondergaan, onderwerp, voorkom, voorspel.

(b) Skryf die verlede deelwoord van: vrywaar, wanhoop, glimlag, daagvaar, seëvier, antwoord, gadeslaan, opraap, uitnooi, onderhandel.
(c) Wat is die verskil in betekenis tussen: mooi praat en mooipraat; vry spreek en vryspreek; hoog ag en hoogag; plaas vind en plaasvind?
(d) Wat is die sintaktiese verhouding tussen die dele van die volgende samegestelde woorde? (Voorbeeld: bloedrooi — so rooi as bloed): praatsiek, splinternuut, plantryk, grasgroen, doodsbleek, doodkis, agteros, treinspoor, volkstradiesies, skynheilig, weledel, tweeledig, langdradig, ertjiesop, godsdiens, maagpyn, moordlus, noordewind, linkerarm, kinderliefde, vuisgeveg, skeepskaptein.
(e) Wat is die verskil in betekenis tussen:
'n blinde man en 'n blindeman;
'n dom kop en 'n domkop:
drie tande en 'n drietand;
'n hoë skool en 'n hoëskool;
slag skape en slagskape;
ouer liefde en ouerliefde;
'n stink blaar en 'n stinkblaar.

## II. AFLEIDING.

Ons het reeds gesien dat nuwe woorde van bestaande woorde afgelei word op drie maniere: (i) deur middel van voorvoegsels, (ii) deur middel van agtervoegsels, en (iii) deur middel van klankwisseling van die grondwoord. Die voor- en agtervoegsels moet beskou word as woorde wat hulle oorspronklike krag verloor het en in betekenis verbleek het. In die geval van party van hulle kan 'n mens nog die betekenis duidelik sien; ander weer word ook nog as selfstandige woorde gebruik. ,,Ryk'' is 'n agtervoegsel in die woord ,,plantryk,'' maar bestaan ook nog as byvoeglike naamwoord. Die proses waardeur selfstandige woorde die diens van voor- of agtervoegsels op hulle neem, gaan nog altyd voort.

So is ons woord ,,goed'' 'n selfstandige woord, maar hy word ook al in baie woorde as agtervoegsel gebruik, soos in: **wasgoed, bordegoed, vuilgoed, kleingoed.** e.d.m.

By die onskeidbaar samegestelde werkwoorde het die voorvoegsels (deur, onder, ens.) al verder gegaan met die verblekingsproses as by die skeidbaar samegestelde werkwoorde. Die betekenis van ,,voor'' in ,,vóorkom'' is veel sterker as wat dit is in ,,voorkóm.''

Woordvorming deur middel van klankwisseling kom nie meer voor nie. Die woorde wat so gevorm is, kom ook almal van die stamme van werkwoorde wat oorspronklik sterk was, b.v. **spreek** (Ned. spreken, sprak, gesproken). Die woorde wat van ,,spreek' afgelei is, soos **spreuk**, **spraak**, **gesprek**, ens., behoort tot die taal in sy oudste periode, sodat 'n mens hier eintlik met 'n voorhistoriese afleiding te doen het.

## 1. DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

### (a) Voorvoegsels.

**aarts** = eerste, vernaamste: aartsvader, aartsleuenaar.
**af** = af, in ontkennende betekenis: afgrond, afguns, afgod.
**ant** = teen: antwoord.
**ge** = (1) met: gesin, genoot.
(2) versameling: geboomte, geraamte.
(3) handeling: gesang, geskreeu, geveg.
(4) resultaat van handeling: gebou, gebak.
(5) instrument: geweer, geskut.
**on** = nie of sleg: onkunde, ongeluk, onmens, onding.
**oor** = uit: oorsprong, oorsaak, oordeel.
**wan** = nie of sleg: wanorde, wànhoop, wanklank.

### (b) Agtervoegsels.

(1) Vir die manlike geslag van persone en diere:
**aar** (er): leuenaar, oorwinnaar, Hollander.
**aard** (erd): grysaard, slimmerd, lomperd.

**ier** (enier): offisier, tuinier, kruidenier.
**and** (end): vyand, Heiland, vriend.
**rik** (ik, erik): stommerik, Frederik (= vredevors).

(2) Vir die vroulike geslag:

**es**: onderwyseres, priesteres, digteres, prinses.
**in**: heldin, Jodin, koningin, godin.
**ster**: huishoudster, werkster, skryfster.

(3) Vir die gemene geslag:

**ing** (dikwels **ling** na die voorbeeld van woorde wat op **l** eindig en dan -ing agteraan kry): sterfling, liefling, eersteling, hemeling, kleurling.

**N.B.** Soms word die vroulike geslag hier aangedui deur **-e** aan die vorm van die manlike aan te voeg: **leerling — leerlinge**; **kwekeling — kwekelinge**.

(4) Vir name van dinge:

**aar**, **er**, **el**, **eel**, **sel** dui instrumente aan: gieter, kandelaar, lessenaar, trekker, sleutel, lepel, toneel, deksel.

**sel** dui ook die resultaat van 'n werking aan: mengsel, letsel, saagsel.

(5) Vir verkleinwoorde:

**ie**, **pie**, **tjie**, **etjie**, **jie**: huisie, boompie, kamertjie, blommetje, hondjie.

(6) Vir name van abstrakte begrippe:

**nis** — toestand of werking: duisternis, droefnis, begrafnis.

**heid** — hoedanigheid of versameling: skoonheid, goedheid, mensheid, owerheid.

**e**, **de**, **te** — hoedanigheid: koue, liefde, diepte, lengte.

**dom** — (i) toestand: rykdom, ouderdom.
(ii) geloof: heidendom, Kristendom.
(iii) gebied: bisdom, hertogdom.
(iv) versameling: mensdom, adeldom.

**skap** — (i) toestand of waardigheid: dronkenskap, priesterskap.
(ii) versameling: gereedskap, geselskap.
(iii) gebied: graafskap, veldkornetskap.
(iv) werking: rekenskap, wetenskap.

**ing** — werking: verandering, beweging.

**s** — werking: wins, diens, guns.

**y, ery, erny** — (i) toestand of handeling: slawerny, sotterny.
(ii) plaas van handeling: bakkery, slagtery.
(iii) versameling: boekery, maatskappy.

**asie** — werking: slytasie, stellasie.

### (c) Klankwisseling.

Hieronder volg 'n lysie van woorde wat mag dien as voorbeelde van selfstandige naamwoorde wat deur middel van klankwisseling van werkwoorde afgelei is. Die woorde kan natuurlik ook voor- of agtervoegsels hê:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| wreek | wraak | wrok | | |
| breek | breuk | brok | | |
| bid | gebed | bede | bedelaar | |
| byt | beitel | gebit | byt | |
| bied | bode | gebod | boodskap | |
| sluit | sloot | sleutel | | |
| graaf | groef | graf | grag | |
| buig | boog | bog | beuel | |
| spreek | spraak | spreuk | gesprek | sprokie |
| kies | keus | keur | | |
| bind | band | bond | bende | bundel |
| gryp | greep | begrip | | |
| drink | drank | dronk | | |
| gee | gawe | gif | | |
| spring | sprank | sprong | | |
| skiet | skot | skoot | skeut | skutter |
| vind | vonds | vonnis | | |
| sit | setel | saal | | |

## 2. DIE WERKWOORD.

### (a) Voorvoegsels.

**be** = (i) by: behoort, bereik.
(ii) om oorg. ww. te vorm: begaan, bewoon, bepraat.
(iii) voorsien van: beman ('n skip), besiel, beloon.
(iv) in 'n toestand bring: beveilig, bedroef, beswaar.
(v) uitbreiding van die werking oor 'n groter oppervlakte: beplant, besaai, behou.
Daar is 'n groot getal woorde waarin die krag van **be-** glad nie meer gevoel word nie: **bevind**, **beweeg**, **beveel**, **besluit**, ens.

**ge** = saam: gelei.
Hierdie betekenis word egter nie meer gevoel nie en kan albei vorme dus (met of sonder ge-) gebruik word: voel, gevoel; dink, gedink; raak, geraak.
In enkele gevalle is daar 'n onderskeid, b.v., **draag** en **gedraag**.
In woorde soos **geskied**, **gebeur**, **genees**, bestaan die grondwoord nie meer nie, en moet **ge-** dus as vaste deel van die woord beskou word.

**er** = uit, dog het ook sy betekenis verloor: erken, ervaar, erlang.

**her** = weer: herhaal, herenig, herleef.

**ont** = (i) teen: ontmoet, ontvang.
(ii) terug: antwoord, onthou.
(iii) begin: ontbyt, ontwaak, ontgin.
(iv) wegneem: onthoof, ontbind, ontkleed.
(v) uit of weg: ontkom, ontloop, ontsnap.
(vi) uit een toestand in 'n ander kom: ontslaap, ontplof, ontbrand.

**ver** = (i) voort of weg: verban, verjaag, versprei.
(ii) verandering in die betekenis van verlore gaan: vergaan, verbrand, verdelg.

(iii) verkeerd: verreken, verlei, verdig.

(iv) voor: verglaas, verguld, vernag.

(v) in 'n toestand bring: verlos, verbly, versteen.

(vi) saambring: verbroeder, verloof.

(vii) verandering: vertaal, verkleur, vervel.

### (b) Afleiding sonder voorvoegsels.

Daar is 'n klompie werkwoorde wat afgelei is van naamwoorde of ander werkwoorde. Soms kry hulle 'n agtervoegsel, soms nie; soms kry hulle ook 'n agtervoegsel tesaam met klankwisseling van die grondwoord. Daar dit gewoonte is om hulle onder aparte hoofde te behandel, word hulle hier nie in verband met agtervoegsels bespreek nie, maar eenvoudig genoem **afgeleide** werkwoorde. Afleiding deur middel van voorvoegsels word ook genoem **middellike** afleiding, terwyl alle ander gevalle dan geklassifiseer word onder **regstreekse** afleiding.

(1) **Denominatiewe**: Werkwoorde kan afgelei word van (a) selfstandige naamwoorde; (b) byvoeglike naamwoorde. In Nederlands het sulke werkwoorde die uitgang **-en** van die infinitief gekry, sodat hulle as werkwoorde gelyk het, maar in Afrikaans is die vorm van die naamwoord en dié van die afgeleide werkwoord dieselfde.

**Ploeg, eg, kleed, stroom, vis**, e.d.m. is ww., afgelei van die gelykluidende selfstandige naamwoorde, terwyl **wit, ryp, sterk, week,** e.d.m. afgelei is van die gelykluidende byvoeglike naamwoorde:

Voorbeeld: (i) Ek koop 'n **ploeg**; die boer **ploeg** die grond.

(ii) Die muur is **wit**; ons **wit** die muur.

Na analogie van ander denominatiewe wat afgelei is van woorde op **-ig**, b.v., **regvaardig**, het ook werkwoorde soos **stenig**, **verkondig**, **eindig**, e.a. 'n agtervoegsel **-ig** aangeneem, wat die grondwoord nie het nie (steen, verkond, einde).

Ander denominatiewe het die agtervoegsel **-eer** van werkwoorde wat uit Frans oorgeneem is, oorgeneem: **waardeer** (waarde), **verkleineer** (klein), **trotseer** (trots).

As die denominatief beteken dat iets weggeneem word van die begrip wat die grondwoord uitdruk, dan word dit ook 'n **priwatief** genoem; die boom „top'' beteken: die top van die boom wegneem. **Top** is dus 'n priwatiewe werkwoord. Ander voorbeelde is: **speen**, **stof**, **skil**, **skuim**, **dop**.

(2) **Frekwentatiewe**: Na analogie van denominatiewe wat afgelei is van naamwoorde op **-el** of **-er**, en wat die betekenis van 'n „herhaling'' van die werking gekry het, is daar ook sulke herhalingswerkwoorde gevorm van ander werkwoorde. Hulle kry dus ook **-el** of **-er** as agtervoegsel en ondergaan gewoonlik 'n verandering van die stamklinker in die grondwoord. By 'n paar is ook die eindmedeklinker van die grondwoord verskerp. Voorbeeld: **bedel** (bid), **hakkel** (hak), **kibbel** (kyf), **bibber** (beef), **stotter** (stoot), **skoffel** (skuif), **stribbel** (streef).

**N.B.** Die frekwentatiewe moet nie verwar word met gewone denominatiewe waarvan die grondwoord op **-er** of **-el** eindig nie. **Handel**, **wandel**, **brokkel**, ens., is denominatiewe.

(3) **Kousatiewe.** Hierdie werkwoorde word van sterk werkwoorde afgelei deur middel van 'n verandering in die stamklinker, en beteken dat die werking in die grondwoord vervat, veroorsaak word. **Drenk** beteken „doen drink.'' Voorbeelde: **drenk** (drink), **neig** (nyg),

**kloof** (klief), **wend** (wind), **voer** (vaar), **vel** (val), **soog** (suig), **lei** (ly - gaan), **send** (sind = gaan). Die woorde **lê** en **sit** word beide transitief en intransitief gebruik. Uit hulle betekens is dit duidelik dat die transitiewe ww. die kousatief van die intransitief is. In Nederlands is die vorme ,,liggen'' (intransitief) en ,,leggen'' (transitief), en op dieselfde manier ,,zitten'' en ,,zetten.''

(4) **Intensiewe:** Hierdie werkwoorde is ook van ander werkwoorde afgelei en beteken 'n versterking van die begrip in die grondwoord. Gewoonlik word die stamklinker van die grondwoord verkort en die slotmedeklinker verskerp. Voorbeelde: **buk** (buig), **knip** (knyp), **swik** ([be]swyk), **smag** (smaak), **stik** (steek), **hik** (hyg), **wik** (weeg).

**Stribbel, bibber, dribbel, kibbel** kan net so goed onder die intensiewe as onder die frekwentatiewe val.

**Opm.** (1) Die werkwoorde wat van ander werkwoorde afgelei is, word ook soms **dewerbatiewe** genoem.

(2) 'n Paar ww. is ook van bywoorde afgelei sonder die hulp van agtervoegsels: **uit**, **in**, **nader**, **verneder**. Voorbeelde: (i) U moes daardie woord nie **geuit** het nie. (ii) Hoelank sal jy wag om die huurgelde te **in**?

## 3. DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD.

### (a) Voorvoegsels.

**aarts** = eerste of vernaamste: aartslúi, aartsdóm.

**on** = nie: onwaar, ongewoon, onhandig.

**be** = voorsien van: beroemd, bevlek, bejaard.

**ge**, met min of meer dieselfde betekenis as **be**: getand, gekleed, gewapend.

In sommige woorde het **ge** sy krag verloor, hoewel dit eers as 'n versterking van die grondwoord gedien het: **gewoon**, **gesond**, **getrou**.

### (b) **Agtervoegsels.**

**agtig** = (1) besittende: vreesagtig, waaragtig, reën-agtig. Die aksent val hier op die agtervoegsel.
(2) gelykende op, of geneig tot: vergeet-agtig, diefagtig, kinderagtig.

**haftig** van **agtig** = hebbende die hoedanigheid van: heldhaftig, manhaftig, krygshaftig.

**baar** = (1) dragende: dankbaar, wonderbaar.
(2) wat kan gedaan word: breekbaar, eetbaar, bruikbaar.
(3) wat kan doen: strydbaar.

**ig** = (1) hebbende: magtig, moedig, aandagtig.
(2) die werking verrigtende: nalatig, bevallig.
(3) synde: enig, tweevoudig.

**erig** = geneig tot: slaperig, praterig.

**lik** = (1) gelykende op: meesterlik, agterlik.
(2) wat gedaan kan word: veragtelik, ver-maaklik.
(3) wat kan doen: hinderlik, aansteeklik.

**loos** = sonder: hulpeloos, roekeloos.

**ies, s** = afkomstig van, behorende tot: Russies, slaafs, aards, kinds.

**saam** = geneig tot, geskik vir: gehoorsaam, buigsaam, deugsaam.

Sommige byvoeglike naamwoorde kom met verskillende agtervoegsels voor en het dan verskillende betekenisse. **Kinderagtig** beteken: soos 'n kind, in ongunstige sin; **kinderlik**: soos 'n kind, in gunstige

sin; **kinds**: soos 'n kind, in die sin van swaksinnig weens ouderdom. In die volgende sinne word enkele voorbeelde van sulke byvoeglike naamwoorde gegee:

Kinderagtig: Hy wil my op kinderagtige wyse vermaak.

Kinderlik: Om met kinders om te gaan moet 'n mens kinderlik wees.

Kinds: Die ou man is kinds van ouderdom.

Eerlik: 'n Eerlike man lieg nie.

Eervol: Die Regering het hom 'n eervolle ontslag gegee.

Eerbaar: Dis 'n eerbare vrou daardie.

Verkieslik: Om in die tuig te sterf is 'n verkieslike dood.

Verkiesbaar: Mnr. S. is nie vir die Prowinsiale Raad verkiesbaar nie.

Onmeetlik: Vanaand is hy op die onmeetlike oseaan.

Onmeetbaar: Die distansie van die aarde na die maan is vir my onmeetbaar.

Draaglik: Die toestand is nouliks draaglik.

Draagbaar: Al lyk die skoene oud, hulle is darem nog draagbaar.

Verdraagsaam: Teenoor 'n andersdenkende moet 'n mens verdraagsaam wees.

Kostelik: Dis 'n kostelike geleentheid.

Kosbaar: Sy het 'n kosbare rok laat maak.

Wetlik: Ons sal wetlike stappe moet neem.

Wettig: My aanstelling is wettig.

Wetties: Daardie Christene is baie wetties.

Sedelik: Die Voortrekkers het 'n sedelike lewe gelei.

Sedig: Die meisie is so sedig dat sy byna nie kan praat nie.

Sinloos: Dit was 'n sinlose opmerking.
Sinneloos: Sinnelose mense hoort op Valkenburg tuis.
Meesteragtig: Ek hou nie van jou meesteragtige maniere nie.
Meesterlik: Hy doen sy werk op meesterlike wyse.
Wonderlik: Dis 'n wonderlike manier van praat.
Wonderbaar: Gods weg met die mens is wonderbaar.
Wonderbaarlik: Ons het 'n wonderbaarlike uitredding gehad.
Tydig: Dit was 'n tydige besoek van jou, want ek wou jou net laat haal.
Tydelik: Die betrekking is maar tydelik.
Tydsaam: As ek haastig is, is hy tydsaam.
Vyandig: Sy houding is baie vyandig teenoor my.
Vyandelik: Die vyandelike leërs ruk op.
Geestig: Mnr. A. het 'n geestige toespraak gehou.
Geestelik: Die predikant sorg vir die geestelike belange van die gemeente.
Houterig: Piet is 'n houterige vent.
Houtagtig: Die pilaar het 'n houtagtige kleur.
Buigbaar: Hout is buigbaar.
Buigsaam: 'n Riet is buigsaam.

## 4. DIE BYWOORD.

### Agtervoegsels.

**lik** = die hoedanigheid besittende: gewoonlik, waarskynlik, opsetlik.
**liks** = elke: maandeliks, daagliks, weekliks.
**ling** of **lings** = wyse: sydelings, plotseling, mondelings.
**gewys** of **gewyse** = wyse van: paarsgewys, trapsgewyse.
**ies**, **tjies**, ens. = verkleiningsuitgange: liefies, warmpies, stilletjies.
**waarts** = rigting: huiswaarts, herwaarts, stadwaarts.

## OEFENING 28.

Gee die betekenis of krag van die voorvoegsels in die volgende woorde: ontmoedig, besmet, verlê, verleer, verdelg, ontvou, gespierd, gelag, genaak, bedroef, bery, hervorm, ontstaan, aartsengel, afval, gebroeders, gebergte, getwis, ontrou, oorlog, wanklank, berug, gesteweld.

## OEFENING 29.

Gee die betekenis of krag van die agtervoegsels in die volgende woorde: behangsel, spreker, bedelaar, luiaard, warmte, rondheid, heiligdom, jongeling, kleurling, blydskap, gedagtenis, brouery, spaarsaam, vrugbaar, dankbaar, vaderlik, eindeloos, twyfelagtig, gemeensaam, hoofs, Russies, hoepel.

## OEFENING 30.

Gebruik die volgende woorde in sinne: beweegbaar, beweeglik; eindelik, eindig; wetteloos, wetlik; mensdom, mensheid; leerbaar, leersaam; verdraagbaar, verdraagsaam; gelykenis, gelykheid; kindsheid, kinderlikheid; hoogte, hoogheid; openlik, openbaar; gemeenskap, gemeente; lieflik, liefderyk; duisternis, duisterheid.